DESEMBER 2023

# LAKOBOKNUUS

VERANTWOORDELIKHEID * OMGEE * EERLIKHEID * RESPEK * UITNEMENDHEID

## UIT DIE KANTOOR

"When it comes to life, the critical thing is whether you take things for granted or take them with gratitude."

GK Chesterton

In 'n land en wêreld wat gevul is met seer en chaos het ons, wie die Koue Bokkeveld ons huis noem, oneindig baie om voor dankbaar te wees.

Die jaar wat ons saam kon beleef was gevul met soveel mooi. Ons kinders het wonderlike geleenthede gehad, nuwe ervarings gehad om te groei en ontwikkel in 'n veilige skool omgewing.met fasiliteite wat kan kompeteer met die beste skole in ons land.

Dit wat ons hier het by ons ongelooflike skool kan ons nooit as vanselfsprekend aanvaar nie. 'n Gemeenskap kies of hulle 'n laerskool het van kwaliteit. 'n Gemeenskap koester dit en werk saam om dit op 'n hoë standaard te hou. So gee hulle die beste vir die kinders van die gemeenskap.

Dit is met groot dankbaarheid dat ons kan sê ons het dit en ons kan baie trots wees op ons skool.

Dankie aan almal wat 2023 so 'n ongelooflike en positiewe jaar gemaak het. Ek is trots om deel daarvan te wees.

My beste wense en 'n Geseënde Kersfees vir elke lid van ons hegte skoolfamilie.



*Pieter de Bruyn*

## WELKOM BY ONS

Christi King is nuut aangestel in juf. Carlien Rossouw se plek. Ons is baie opgewonde om haar by ons span te verwelkom in 2024.



## TENNIS

Baie geluk aan die volgende spelers.



No. 1 dogter speler vir 2023:
Alize Fabricius
No. 1 seun speler vir 2023:
Johan du Toit
Beste tennis vordering vir dogters in 2023:
Katrien vd Merwe
Beste vordering vir seuns in 2023:
Markus Tomlinson

## Transkribeerders

Baie dankie aan Cecile Lingenfelder, Barbara Steyn, Marga Huddlestone, Allison Hufke en Jeanette Clark wat vanjaar vir ons leerders gelees en -skryf het tydens toetsreekse en eksamens.

Dankie ook aan Zelda, Francelene, Nadie, Lizzy en Nella dat julle altyd met 'n glimlag help.

# AKADEMIE

In die vierde kwartaal was daar min tyd vir sit en ontspan. Die kwartaal was kort, gelaai met sport, afsluitings, afskeide en dan 'n groot eindeksamen ook.
Ten spyte van al die aktiwiteite, was daar pragtige prestasies en goeie akademiese vordering by ons leerders. Graag deel ons die Top 3 vir kwartaal 4 en die jaar asook leerders wat WOEMA het.

Graad 4 - Top 3 vir kwartaal 4 en die jaar
1. Wikus Bothma
2. Dinozzo van HUffel
3. Jean Dreyer

Graad 5 - Top 3 vir kwartaal 4 en die jaar
1. Stephan du Toit
2. Gys du Toit
3. Hanah van der Merwe

Graad 6 - Top 3 vir kwartaal 4
1. Kara Dreyer
2. Alize Fabricius en Dawid van der Merwe
3. Eben Viljoen

Graad 6 - Top 3 vir die jaar
1. Dawid van der Merwe
2. Eben Viljoen
3. Kara Dreyer

Graad 7 - Top 3 vir kwartaal 4 en die jaar
1. Christi du Toit
2. Liam Pretorius
3. Keisha Primo

WOEMA - KWARTAAL 4
Die volgende leerders se gemiddelde punt verbeter met 5% of meer.
- Mia Gagiano
- Rian Engelbrecht
- Anru Bester

WOEMA - JAAR
Die volgende leerders se gemiddelde punt het verbeter met 10% of meer vanaf die eerste kwartaal.
- ·Mia van den Heever
- ·Anru Bester
- ·Ronaldo Frederiks
- ·Drew Jantjies
- ·Leonardo van Wyk

# LEIERS 2024




Baie geluk aan die volgende leerders wat in 2024 as prefekte in die skool sal dien.
John du Toit, Johan du Toit, Eben Viljoen (hoofseun), Katrien van der Merwe (hoofmeisie), Liza Fabricius en Alize Fabricius.
Ons wens julle baie sterkte toe met die groot taak wat op julle wag. Mag dit 'n avontuur wees.



# FOTOGRAFIE

Rian Engelbrecht word as die Youth Photographers se wenner in die afdeling vir natuurfoto's aangewys met sy foto van die Rustende Rooikat. Ons is baie trots op hom!



# BAIE DANKIE



Baie dankie aan elke ouer wat ons gehelp het om van 2024 se PRETDAG MET BUURSKOLE 'n sukses te maak!
Dit was 'n spesiale dag vir klein en groot en ons is trots op elke kind wat deelgeneem het!

# BIBLIOTEEKPREFEKTE

Baie geluk aan ons biblioteekprefekte vir 2024!
Hanah van der Merwe, Lukas Fabricius, Stephné Arries, Stephan du Toit, Janicke le Grange, Mia van den Heever, Markus Tomlinson en Anmari Steenkamp.




# BOLAND PROEWE

Die volgende spelers is genooi om deel te neem aan die Boland Kavaliers tennis skool proewe vir 2024:

- Johan du Toit
- John du Toit
- Alize Fabricius
- Anmari Steenkamp
- Markus Tomlinson
- Stephan du Toit
- Helené du Toit
- Zoey Carolus

Baie sterkte aan elke speler, julle werk hard deur die jaar!

# LEIERSKAP

Die Graad 5 en 6 leerders het op die 7de Desember leierskapontwikkeling gehad. Die leerders was baie opgewonde hieroor. Dit was die graad 5'e se eerste geleentheid om deel te wees hiervan en ons hoop hulle sien sommer baie uit na nog vele sessies volgende jaar. Ons sê baie dankie aan Luqmaan Ismail wat baie moeite doen met ons leerders. Mag hulle hierdie nuwe kennis en vaardigehede goed gebruik.

# GHOLFDAG

Spanne eerste tot derde posisies

1. Ceres Koelkamers
2. De Keur
3. Ceres Super Spar

Baie dankie aan elkeen wat moeite en tyd afgestaan het om deel te wees van die Gholfdag en om dit 'n sukses te maak. Ons waardeer julle.

# GRAAD 4 '24

Die Graad 3's het op die 7de Desember 'n toer deur hul nuwe fase gehad. Hulle het die verskillende klasse gesien en 'n paar prettige aktiwiteite gedoen. Hulle sien sommer baie uit na die nuwe avontuur wat op hulle wag.

# GRONDSLAGFASE ASSISTENT

Ons het op 30 November vir Francelene Mars gegroet na 9 maande wat sy by ons skool betrokke was as 'n Grondslagfase assistent. Francelene het so maklik ingeskakel en was van groot hulp in al die onderskeie Grondslagfase klasse. Baie dankie, Francelene vir al jou hulp, jou mooi gesindheid en die mooi manier waarop jy met ons kinders gewerk het.

Ons mis jou al klaar! Sterkte vir jou toekoms vorentoe, mag dit met jou nét goed gaan!

# WE ARE GOING ....

Google

In 2024 gee Laerskool Koue Bokkeveld die GROOT stap vorentoe om alle personeel op te lei in die Google Workspace for Education. Ons stap hierdie pad saam met CloudEDU wat 14 aanlyn sessies gaan aanbied.

Ons is opgewonde wat dit vir ons skool, personeel en leerders kan beteken. Mettertyd gaan ouers en leerders aktief betrokke wees by hierdie "nuwe" pad wat ons stap.

Watch this space.......




| Meisies: | Seuns: |
|---|---|
| 1.Anmari | 1.Johan |
| 2.Alize | 2.John |
| 3.Liza | 3.Lukas |
| 4.Katrien | 4.Stephan |
| 5.Kara | 5.Markus |
| 6.Cara | 6.Daniël |
| 7.Hanah | 7.Eben |
| 8.Helené | 8.Gys |
| 9.Zoey | 9.Dawid |
| 10.Mia | 10.Luca |
| 11. Zane | 11. Cassie |
| 12. Melia | 12. Ben |
| *Cattie | *Wikus |

Baie geluk aan elkeen van hierdie spelers. Ons sien uit na 'n wonderlike seisoen.

# NETBALKLINIEK

8 en 9 Maart 2024
Al die o. 10 tot o. 13 dogters
Koste: R350
By die skool se bane
Juf. Lize sal later verdere inligting deurgee.

# UITSTAPPIE

Op 4 Desember 2023 het ons Pre graad R klas op 'n uitstappie na Howbill pakstoor en Molenrivier gegaan. Kersvader het 'n draai kom maak! 'n Heerlike afsluiting na 'n besige jaar.





# TENNIS TOER




*Ons toer na Robertson*

15 & 16 Februarie 2024

*Program:*

11:00 Vertrek van skool
14:00 Enkels
19:00 Braai en kuier saam met spelers
Slaap oor by Wederom Gastehuis.
08:00 Ontbyt by Rooiberg Bistro
09:00 Besoek Bird's Paradise
11:00 Dubbels en gemengde dubbels
16:00 Vertrek terug na KBV

# ATLETIEK

Die volgende atlete het 'n rekord verbeter by ons Kleure atletiekbyeenkoms op 10 en 11 November.
Cara van den Heever 100m (15.53s), Anmari Steenkamp 150m (23.59s), Alize Fabricius 150m (22.90s), John du Toit 200m (28.10), Arno November Hoogspring (1.52m), Cara van den Heever 70mH (15.12s), Elgar Jantjies 70mH (14.44s), Arno November 80mH (13.97s) en ook die 200mH (31.81).
Baie geluk aan hierdie atlete!

# MUSIEK 2023



Juffrou Liana het die afgelope twee jaar privaat musieklesse by ons skool aangebied. Sy het onlangs na Namibië verhuis. Ons sal haar mooi, sagte manier, passie en ywer baie mis.

# KITAAR

Ons sê baie dankie aan Danelle Titis van die Koue Bokkeveld Opleidingsentrum wat een keer per week kitaarlesse aanbied! Ons sien uit na 2024.




# MUSIEK 2024

Meneer Fabian Fredericks sal in 2024 privaat musieklesse by die skool aanbied.
Hy spesialiseer in klavier, blokfluit, clarinet, kitaar en saksofoon.
ALMAL wat graag in 2024 musiek wil neem, moet asseblief vir juffrou Rolien Viljoen (061 645 5810) kontak om in te skryf.

# TOTSIENS




Juf. Carlien was vir tien jaar betrokke by die skool. Die personeel het die 11de Desember van haar afskeid geneem. Ons wens haar baie seën en voorspoed toe op haar pad vorentoe.

# GESEëNDE KERSTYD




Van ons almal by Laerskool Koue Bokkeveld wens ons u en u huisgesin 'n baie geseënde Feestyd toe. Geniet tyd saam met u familie, reis veilig en rus baie. Dankie aan elkeen wat in 2023 betrokke was by ons skool. Ons sien uit om 2024 met nuwe ywer aan te pak.

# Skole heropen 17 Januarie 2024 07:30